

8 Junie

Skrifgedeelte: Matteus 8:23-27 (OAV)

Fokusgedeelte: Matteus 8:23-27 (OAV)

Om Jesus te volg, is om Hom in die geloof as God te vertrou

Volg My, sê Jesus, en klim in 'n skuit om na die oorkant van die see te vaar. Hy kon oor land ook gegaan het, maar met hierdie *Volg My* het hy 'n goddelike rede gehad waarom Hy met die skuit oor die see wou oorgaan.

Dan bars daar 'n storm los. Dit dreun en dit klots en die water slaan oor die skuit se rante. Ja, die golwe bedek eintlik die skuit! 'n Doodsbedreiging! Maar Jesus slaap agter in die skuit die slaap van 'n regverdige. Jesus slaap? Ja, Hy is immers mens soos enige ander mens. Hoewel sonder sonde, was Hy aan die gevolge van die sondeval met al sy lyding en smarte onderworpe. Intussen dreun en dreig die storm. Die water dreig om die skuit te laat sink. Maar Jesus slaap! Die dissipels word al meer en meer ontsteld. Vrees pak hulle beet. Beangsd vlug hulle na Jesus toe. Dit is asof 'n mens die vrees en angs in hulle stemme kan hoor as hulle Hom biddend smeek: *Here, help ons. Ons vergaan.*

Jesus antwoord: *Waarom is julle bang, kleingelowiges?* Hoor u ook die vermaning in sy stem? Hulle is elke dag saam met Hom, en tog ken hulle Hom nog nie. Hy staan op en bestraf die wind en die see. En ... die wind en die see bedaar onmiddelik. Doodse stilte. Verbasing oorweldig hulle. Sal verbasing u nie ook oorweldig het as u daar was nie? Wat 'n wonder!

Hulle noem Hom Here en Meester. Hulle volg Hom waar Hy gaan. Hulle glo in Hom, maar hulle kén Hom nog nie. As hulle in die geloof dit goed besef het dat Hy nie net mens is nie, maar ook God, die Seun van God, tweede Persoon in die Goddelike Drie-eenheid, sou hulle tog nie so bang en verbaas gewees het nie. Sou hulle Hom vertrou het dat Hy hulle sou gered het op sy tyd en op sy almagtige, goddelike wyse. Hy is bekleed met goddelike almag. Hy heers oor die ganse skepping as God. God het dan deur die Woord, dit is die tweede Persoon in die goddelike Drie-eenheid, geskep. Hy is tog Skepper van alles en het ook mag oor alles en almal.

In hierdie wonderwerk leer God ons: Om Jesus van Nasaret te volg, is om Hom in jou grootste nood en ellende as God te vertrou, wat ook mens geword het om jou te verlos, en wat volgens sy eie Raadsbesluit in wysheid en almag Goddelik oor jou regeer. Gelowige in Christus, onthou dit in jou krisistye!

Sing: Psalm 138:4 (Totius)

Ds. AJ Coetsee (Emeritus)